Universiteit van Pretoria

# SENDINGWETENSKAP WAARHEEN?

PROF D CRAFFORD

# SENDINGWETENSKAP WAARHEEN?

PROF D CRAFFORD

Intreerede gelewer op 27 April 1989 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie (Afd. B), aan die Universiteit van Pretoria.

## CURRICULUM VITAE
## PROF D. CRAFFORD

Dionne Crafford is op 16 Junie 1935 te Lobatsi in Botswana gebore. Hy ontvang sy Hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Witbank waar hy in 1952 matrikuleer. Vanaf 1953 tot 1960 is hy voltydse student aan die Universiteit van Pretoria waar hy die grade BA en MA(Grieks) met lof behaal, asook die BD en 'n Nagraadse Diploma in Teologie. Gedurende 1959 word hy as tydelik-deeltydse lektor in Grieks aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Professor Crafford tree op 31 Desember 1960 in die huwelik met Babsie Strydom en vertrek in September 1961 na Nederland met die oog op doktorale studie in Sendingwetenskap aan die Johannes Calvijn-stigting in Kampen onder leiding van prof H Bergema. In Januarie 1963 keer hy na Suid-Afrika terug en sit sy doktorale studie aan die Universiteit van Pretoria voort.

In Mei 1963 word professor Crafford beroep na die sendinggemeente Rivoni waar hy 'n uitgestrekte sendinggebied aangrensend die Nasionale Kruger-wildtuin vir ses jaar lank bedien. Hier doen hy pionierswerk in verband met kerkplanting op die fondamente wat sedert 1956 eers deur ds (prof) C W H Boshoff en daarna ds J P Potgieter gelê is.

In 1967 behaal hy die doktorsgraad in Sendingwetenskap met lof aan die Universiteit van Pretoria, met wyle prof H D A du Toit as promotor. Die onderwerp van die proefskrif was "Wêreldsending en Wêrelddiakonaat" met wyle prof H Bergema van Kampen as eksterne promotor.

In Januarie 1969 aanvaar professor Crafford 'n aanstelling as senior lektor in die departement Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van die Noorde. In 1971 word hy tot professor en hoof van die departement Kerkgeskiedenis en Sending- en Godsdienswetenskap aan dieselfde universiteit bevorder; in Januarie 1976 word professor Crafford as senior lektor in die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afdeling Ned Geref Kerk) aan die Universiteit van Pretoria aangestel; en in September van dieselfde jaar word hy tot medeprofessor bevorder. In 1983 word hy as Direkteur van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing van die Universiteit benoem en ook tot professor bevorder. Vanaf 1 April 1988 is hy as hoof van die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap in die plek van prof C W H Boshoff, aangestel.

Ongeveer 60 publikasies op die vakgebiede van Kerkgeskiedenis en Godsdiens- en Sendingwetenskap, waaronder ook 'n uitgebreide geskiedenis van die Sending van die Ned Geref Kerk vanaf 1652 tot 1963, het reeds uit sy pen verskyn. Naas die teologie het professor Crafford ook belangstelling in swart tale, tradisionele gebruike van Swartmense, en die natuurlewe. Sy stokperdjies draai rondom 'n liefde vir plante, voëls en diere en bestaan uit tuinmaak, voëlboerdery en 'n klein beesboerdery op sy hoewe in Willow Glen. Die egpaar het vier kinders waarvan drie tans studente is en een nog op hoërskool.

Dit is vervolgens vir my aangenaam om professor Crafford te versoek om sy professorale intreerede te lewer oor die onderwerp "Sendingwetenskap Waarheen".

Prof D M Joubert
VISE-KANSELIER EN REKTOR

# SENDINGWETENSKAP WAARHEEN?

**Intreerede gelewer deur prof D Crafford op 27 April 1989 na bevordering tot hoof van die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap op 1 April 1988.**

Geagte Rektor en Vise-rektore van die Universiteit van Pretoria, geagte Dekaan van die teologiese Fakulteit afdeling Ned Geref Kerk, geagte kollegas van die Universiteit en in die kerklike bediening, dames en here:

Dit was in Januarie vanjaar presies 20 jaar gelede dat my akademiese loopbaan begin het met die opdrag om 'n departement Kerkgeskiedenis, Sending- en Godsdienswetenskap te vestig aan die Universiteit van die Noorde. In November 1972 het ek 'n intreerede gelewer aan dieselfde Universiteit met die aanvaarding van 'n professoraat in bogenoemde vakgebiede.[1)] Sedert 1976 beklee ek 'n professoraat in Sendingwetenskap aan hierdie universiteit. Watter tema kies 'n mens nou vir 'n intreerede nadat jy reeds vir twintig jaar intensief en voltyds met 'n vakgebied besig is? Waar u die vertroue in my gestel het om die hoofskap van hierdie departement aan my toe te vertrou, en waar 'n mens in so 'n situasie opnuut verplig word om na te dink oor die koers waarin die departement moet beweeg, het ek dit goed gedink om as tema vir hierdie rede te kies: Sendingwetenskap waarheen?

Die vraag waarheen Sendingwetenskap op pad is, het natuurlik universele dimensies maar het terselfdertyd belangrike implikasies vir die beoefening van die vakgebied in Suid-Afrika en by name aan die Universiteit van Pretoria. Dit hang ten nouste saam met die krisis wat ontstaan het rondom die begrip sending.[2)] Wat is nou eintlik die missie van die kerk in die wêreld? Die wyse waarop dit verstaan word, gaan ook grootliks die objek, inhoud en metodes van die Sendingwetenskap bepaal.

Die polariserende standpunte rondom die sending van die kerk in die wêreld het te make met uiteenlopende teologiese strominge wat in ons eeu ontwikkel het en waarop ons nie nou hier in die besonder kan ingaan nie. Die kern van die probleem het egter te make met die verbreding van die begrip sending. Waar dit vroeër op voetspoor van Voetius[3)] uitsluitlik gesien is as die bekering van heidene en die planting en opbou van jong kerke wat uit die heidendom versamel is, het die dimensie van diens (diakonia) aan 'n wêreld in nood en betrokkenheid by die gebroke en onvolmaakte sosiale, ekonomiese en politieke strukture en stelsels van die wêreld geleidelik bygekom. Dit het meegebring dat alles wat die kerk in die wêreld doen, as deel van sy sendingopdrag gesien is.[4)] Hierdie ontwikkeling het natuurlik 'n

dilemma geskep vir wat die eie aard en die spesifieke studieveld van die Sendingwetenskap is. As sy studieveld verbreed tot alles wat die kerk in die wêreld doen, beantwoord dit nie meer aan die vereiste van 'n eie afgebakende terrein wat aan elke wetenskap gestel word nie. Die vraag was nie net of Sending met 'n nuwe inhoud gevul word nie, maar of dit nog werklik 'n bestaansreg het? Is die sendingera nie nou vir goed verby nie, en moet sending nie liewer vervang word met iets anders nie? Gaan dit nie nou eerder om 'n dialoog met die wêreldgodsdienste nie, of 'n studie van die kerke in die derde wêreld of om kerklike verhoudinge (die ekumene) of 'n studie van die kontekste waarin die kerk sy roeping in die wêreld moet uitvoer nie?

Waarheen dan met Sendingwetenskap te midde van hierdie kwellende vrae? Moet dit heeltemaal verdwyn omdat sending 'n uitgediende begrip is? Moet dit opgelos word in die ander teologiese dissiplines omdat sending immers hoort by die wese van die kerk en die wese van die teologie? Of moet dit moontlik vervang word met 'n meer gespesialiseerde dissipline soos Godsdienswetenskap, Ekumenika of die studie van derde wêreld teologieë? So het Adolf Exeler tot die gevolgtrekking gekom dat Sendingwetenskap nou vervang word met **Vergelykende Teologie** waar teologieë wat beoefen word vanuit verskillende kontekste met mekaar in gesprek kan tree, mekaar kan verryk en mekaar kan korrigeer.[5)]

Die verwarring het veroorsaak dat leerstoele in Sendingwetenskap aan verskeie Europese Universiteite vakant bly en dat ander vervang word met vakdissiplines wat minder problematies is. Die feit dat bevrydingsteologieë die taak van die kerk beperk tot sekulêre terreine van armoede, onderontwikkeling, lyding en onderdrukking, het die vraag laat ontstaan of vakdissiplines soos sosiologie, volkekunde, ekonomie en politieke wetenskappe nie voldoende antwoorde kan verskaf op die mensdom se sekulêre vraagstukke nie. Waarom moet die Sendingwetenskap hom ook nog op hierdie terreine begewe? Gespesialiseerde dissiplines sal tog beter antwoorde kan gee op die gespesialiseerde vraagstukke waarmee die mensdom van die post-industriële era moet worstel!

Hierdie verwarrende vrae rondom die vakdissipline maak dit sekerlik noodsaaklik vir 'n departement Sendingwetenskap wat vir homself nog 'n staanplek opeis aan 'n Universiteit wat gedwing word tot rasionalisering om homself deeglik te verantwoord t.o.v. prinsipiële uitgangspunte, objek en die aard van die studierigting, metodes en doelstellings wat met die vak bereik wil word.

Ek wil poog om binne die beperkte tyd wat hierdie rede my toelaat, rekenskap te gee van die koers waarin ek glo die Sendingwetenskap moet beweeg. In die eerste plek wil ek vra: waarheen met die Sendingwetenskap as teologiese wetenskap te midde van ander teologiese dissiplines? In die tweede plek die vraag: waarheen met Sendingwetenskap ten opsigte van teoretiese en prinsipiële uitgangspunte; eie aard en afgebakende studieveld, werkswyse en doelstellings wat met die vak bereik wil word? In die derde plek: waarheen die Sendingwetenskap in die komplekse wêreld van ons tyd? Ten slotte: waarheen met Sendingwetenskap in die teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria?



## 1. Waarheen met Sendingwetenskap as teologiese wetenskap?[6)]

Ons gaan hier uit van die veronderstelling dat teologie 'n wetenskap is met sy eie voorveronderstellings, eie aard, metodes en doelstellings.[7)] Die voorveronderstellings van die teologie is dat God bestaan; dat Hy Homself openbaar het in Sy Woord en in Jesus Christus die vlees geworde Woord en dat daaruit blyk dat God bedoelinge van verlossing het vir hierdie sondige en gebroke wêreld. Die eie aard van teologie is dat dit gelowige antwoord is van mense wat hulleself aangespreek voel deur die Woord van God. Sonder geloof kan teologie nie beoefen word nie. Dit rus op die pilare van geloof, die rede asook belewenis en gevoel. Dit is wetenskap omdat dit kritiese, geordende en geverivieerde besinning is oor die Woord van God, die boodskap wat uit die Woord afgelei word en die wyse waarop die boodskap aan die wêreld geïnterpreteer en gekommunikeer moet word. Die metodes van die teologie hang saam met die eie aard van die onderskeie teologiese dissiplines, Die doelstellings van teologie is om die spreke van God so goed as moontlik te verstaan, om so duidelik en sistematies as moontlik daarop te antwoord, om die uitwerking van die openbaring in die loop van die geskiedenis en in die bestaan van die kerk na te vors en ten slotte om die openbaring so doeltreffend as moontlik aan die wêreld te kommunikeer in 'n bepaalde tydsgewrig en situasie.

Heyns en Jonker[8)] gee die volgende definisie van teologie: "teologie is die wetenskaplike en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en Sy direkte verhouding tot die kosmos."

Die definisie toon met reg aan dat die vertrekpunt van die teologie die Woord van God is. Die bestemming daarvan, naamlik die gerigdheid op die wêreld, word egter nie duidelik genoeg aangedui nie. Dit is die swak plek van die definisie en sal dus soos volg aangevul moet word: "teologie is die wetenskaplike en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en Sy direkte verhouding tot die kosmos" *met die doel om die openbaring vir die wêreld te interpreteer en aan die wêreld te kommunikeer.*[9)]

Dit beteken dat teologie nie anders beoefen kan word as gerig op die wêreld en sy omvattende nood nie. Indien dit nie die geval is nie, word dit

steriel en irrelevant. Teologie moet dus altyd missionêr wees. Tereg pleit DJ Bosch dan ook vir 'n totale herformulering van die teologie tot missionêre teologie.[10)]

Daar bestaan dus 'n missionêre dimensie in die teologiese wetenskap as geheel. Binne dié raamwerk moet die Sendingwetenskap egter sy plek vind as dié wetenskap wat in die besonder spesialiseer in die studie van al die aspekte van die kerk se gesondenheid in die wêreld. Dit verteenwoordig die missionêre intensie — die studie van die georganiseerde pogings en metodes om die boodskap van God se openbaring by die wêreld in sy verskeidenheid van kontekste uit te kry.

Ons moet vervolgens kortliks ons aandag bepaal by die Sendingwetenskap as teologiese dissipline en sy verhouding tot die ander teologiese dissiplines.

Sendingwetenskap as teologiese dissipline is relatief jonk. Die geskiedenis van die vak is uitvoerig opgeteken in die standaardwerk van twee bande van die Noorweegse missioloog O G Myklebust.[11)] Die eerste leerstoel in die vakgebied het in 1867 tot stand gekom toe Alexander Duff, die beroemde Skotse sendingpionier in Indië, in New College te Edinburgh aangestel is om "Evangelistic Theology" te doseer.[12)] Voor die tyd reeds het Karl Graul in Duitsland gepleit dat elke Universiteit 'n professoraat in sending behoort te hê.[13)] Vroeëre pogings te Princeton in die VSA om sending saam met Praktiese Teologie aan te bied, het doodgeloop.[14)]

Sedert hierdie vroeë begin het die dissipline deurgaans 'n stryd gevoer om erkenning as selfstandige vakgebied te midde van die ouer Bibliologiese, Dogmatologiese, Eklessiologiese en Diakoniologiese vakgroepe in die teologie. Eers na die groot sendingkonferensie te Edinburg in 1910 het die leerstoele wêreldwyd maar veral in die VSA dramaties toegeneem.

Volgens Scherer het die vak in die VSA maar eers na 1950 sy kinderskoene ontgroei en volwaardige erkenning as selfstandige Universiteitsvak verkry.[15)]

Wat die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika se Fakulteite aanbetref, het Pretoria in 1953 en Stellenbosch in 1958 volwaardige departemente vir Sendingwetenskap gekry.[16)] Sedertdien het die vak selfstandig gefunksioneer en word die Missiologiese vakke op gelyke grondslag met die ander teologiese vakke vir alle teologiese studente aangebied.

Oor die ensiklopediese plek van Sendingwetenskap is daar gelukkig algaande konsensus bereik. Nadat die vak geplaas is by Praktiese Teologie (D F Schleiermacher, A Kuyper en J H Bavinck); Kerkgeskiedenis (K S Latourette) en Dogmatiek (H Diem), het O G Myklebust,[17)] H Bergema,[18)] J Verkuyl,[19)] W J van der Merwe[20)] en H D A du Toit[21)] almal tot die konklusie gekom dat die Missiologiese vakke 'n selfstandige groep met 'n eie objek van studie vorm binne die teologiese ensiklopedie. Hierdie standpunt het algemene inslag gevind en word dan ook in talle teologiese fakulteite so hanteer.



## Die verhouding van Missiologie tot ander teologiese vakke

Die besondere aard van Sendingwetenskap en sy noue aansluiting by die ander teologiese dissiplines het veroorsaak dat hierdie vraag telkens weer na vore kom en dat 'n verskeidenheid van antwoorde daarop gegee word. Die feit is dat Sendingwetenskap in die trek van die Bybelse grondlyne van die sending sterk leun op die resultate van die Ou testament en die Nuwe Testament; in die Sendingteorie weer nou aansluit by die Dogmatiek wat ook besin oor die roeping van die kerk in die wêreld; in die Sendinggeskiedenis dikwels dieselfde veld dek as die Kerkgeskiedenis en in die Sendingpraktyk weer nou aansluit by die Praktiese Teologie.

Hierdie samehang het H Bergema daartoe gebring om die Missiologiese vakke te sien as 'n elips binne die elips van die teologie waar Bybelse missiologie nou aansluit by die Bibliologiese vakke, Sendingteorie by die Dogmatologiese, Sendinggeskiedenis by die Ekklesiologiese en Sendingpraktyk by die Diakoniologiese vakke.

Die vraag is egter of Sendingwetenskap 'n eie bestaan kan regverdig en 'n eie studieveld het as dit dan moet raap en skraap uit al die vakgebiede om dit dan tot 'n nuwe eenheid te integreer? Na my mening gaan die standpunt dat Missiologie slegs 'n integrerende funksie het ten opsigte van die ander teologiese vakke nie op nie. Dit maak nie genoeg voorsiening vir die eie aard en daarom vir die selfstandige bestaan van die vak nie.[22)]

'n Ander standpunt is dat Sendingwetenskap 'n korrektiewe en komplementerende funksie het. Manfred Linz het in 1964 reeds Sendingwetenskap in 'n opstel as 'n "komplementar-Wissenschaft" aangedui.[23)] Daarmee het hy bedoel dat dit die missionêre dimensie moes aanvul waar dit in die ander vakke te kort geskiet het. Ook Verkuyl sluit hom hierby aan en noem die Missiologie 'n "complementerende wetenschap".[24)] D J Bosch het hierop verder voortgebou en soek vir die Missiologie 'n kritiese funksie waar dit soos 'n suurdeeg binne die teologie werksaam is.[25)] Hy toon dan aan hoedat die Missiologie kritiese vrae stel en in dialoog tree met al die ander teologiese dissiplines ten einde aan hulle te vra of die sendingdimensie in hulle aanbiedinge tot sy volle reg kom. Waar die sendingdimensie ontbreek, moet die Sendingwetenskap dus eintlik as 'n korrektief optree.

Sendingwetenskap kan seker so 'n funksie met vrug vervul maar dit kan nie tot primêre taak van dié wetenskap verhef word nie. Dit sou beteken dat sending eerder op die ander teologiese vakke as op die wêreld gerig word. As Sendingwetenskap dan ook volkome daarin slaag om al die ander vakke tot hulle sendingverantwoordelikheid terug te roep, is die vraag of dit dan in sy doel geslaag het en dus nie meer 'n eie selfstandige bestaan kan regverdig nie.

Na my mening is die funksie van Sendingwetenskap ten opsigte van die ander teologiese vakke, naas 'n integrerende en komplementerende funk-

sie egter by uitstek 'n **rigtinggewende** funksie. Sendingwetenskap rig met ander woorde die resultate van Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek, Kerkgeskiedenis en Praktiese Teologie op die wêreld en sy behoeftes. Dit bepaal by uitstek die eie aard en spesialisasiegebied van die vak. Dit moet die openbaringsboodskap van God by die regte adres en dus by die wêreld uitbring. Op hierdie aspek wil ons dus vervolgens nader ingaan in die volgende afdeling.

**2. Waarheen met Sendingwetenskap as 'n selfstandige teologiese dissipline met sy eie uitgangspunte, objek en inhoud?**

As ons nou tot die gevolgtrekking gekom het dat Sendingwetenskap 'n selfstandige teologiese dissipline is, is die volgende stap om die eie aard, objek van studie, werkswyse en doelstellings van die vakgebied duidelik te omlyn. Om dit te kan doen, sal ons eers tot 'n definisie moet kom van wat Sendingwetenskap is[26)] en van daaruit aflei die objek, werkswyse en doelstellings van die vak.

Om tot 'n definisie van Sendingwetenskap te kom is geen eenvoudige saak nie.

Daarin word reeds 'n mens se voorveronderstellings en uitgangspunte gereflekteer. Op grond van verskillende uitgangspunte sal daar dus verskillende definisies van hoe Sendingwetenskap verstaan moet word uitkristaliseer. Daarom is dit nodig dat ons hier ons uitgangspunte duidelik uitspel. Dit berus naamlik op 'n bepaalde verstaanswyse van die Skrif soos dit uitdrukking vind in die drie Gereformeerde Belydenisskrifte nl. die Heidelbergse Kategismus (HK), die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) en die Dordtse Leerreëls DL). Die Uitgangspunte kan kortliks soos volg saamgevat word.

**Teologiese uitgangspunte**

1. Sending is gefundeer in God die Vader wat hemel en aarde geskape het, (HK.59-10) Homself duidelik geopenbaar het in die Heilige Skrif (NGB art 3-7) en Wie in die heilswerk van Christus (NGB art 21) en deur die vernuwende werk van die Heilige Gees (HK S20-24) steeds bemoeienis maak met sy skepping en in sy uitverkiesende genade vir Hom 'n geheiligde volk op aarde versamel (NGB art 27-32).
2. Die gebrokenheid, sondigheid en onvolkomenheid van die wêreld na die sondeval word as 'n Skriftuurlike realiteit aanvaar (NGB art 14-15; HK S2-4; DL 1.7).



3. Daarom is God Drie-enig se bemoeienis met die wêreld gerig op die verlossing uit sonde (NGB art 17), die versoening van gebroke verhoudinge en die herstel van alles wat stukkend en onvolmaak is (DL 12-17). In kort kom dit neer op die realisering van God se heil in die wêreld maar ook sy oordeel oor die sonde en onbekeerlikheid (NGB art 37).
4. Vir die verkondiging en demonstrering van die heil het God sy kerk as liggaam van Christus op aarde gevestig as instrument van heil (NGB art 27-29; HK S20-24).
5. God se heilswerk in Christus en deur die Heilige Gees en sy heilsbedoelinge met die sondige en gebroke wêreld is gerig op die koms van Sy Koninkryk in hierdie wêreld wat reeds teenwoordig is maar eers by die wederkoms van Christus sy finale gestalte sal kry (NGB art 37).
6. Sending is dus veral die eskatologiese arbeid van die kerk in die tyd tussen die eerste koms en die wederkoms van Christus.

Met hierdie uitgangspunte as agtergrond kan ons nou daartoe oorgaan om tot definisie te probeer kom van wat Sendingwetenskap is.[27)]

**Definisie van Sendingwetenskap**

Sendingwetenskap is die nadenke oor die aard van God (Vader, Seun en Heilige Gees) se heilshandelinge en heilsbedoelinge met die wêreld wat realiseer in die inbreek van Sy Koninkryk in 'n sondige en gebroke wêreld;[28)] dit is in die tweede plek die beskrywing van die maniere waarop die heil deur die eeue in die wêreld gerealiseer is deur die planting van kerke en die oprigting van die tekens van die koninkryk; dit is derdens die vasstelling van die mees doeltreffende maniere waarop die heil van God in die wêreld en die oordeel van God oor die sonde deur die kerk as liggaam van Christus en deur gelowiges as lede daarvan geproklameer, gedemonstreer en gerealiseer kan word. In die vierde plek wil Sendingwetenskap 'n teologiese beoordeling maak van die nie-christelike godsdienste en van ideologieë wat religieuse afmetings aanneem en wat ook heil aan die mensdom bied.

**Bespreking van die definisie**

In die eerste plek wil Sendingwetenskap hom dus besig hou met teologiese besinning oor die aard van God se Heilshandelinge en heilsbedoelinge met die wêreld. Dit beteken uiteraard ook besinning oor die wese en aard van die Koninkryk van God wat inbreek in 'n sondige en gebroke wêreld en wat

die resultaat is van God se heilshandelinge. Hierdie aktiwiteit is die taak van *Sendingteologie* as komponent van Sendingwetenskap.[29)] Sendingteologie leun swaar op die resultate van die Ou- en Nuwe Testamentiese eksegese en teologie[30)] en op die bevindinge en resultate van die Dogmatiek. Sendingteologie wil die insigte van bogenoemde dissiplines oor God se heilsbemoeienis met die wêreld koördineer en integreer en dit dan by name ook interpreteer vir en toespits op die nood van die kontemporêre wêreld.

Hier val die klem op die missio Dei en sy implikasies vir die wêreld. Sendingteologie is dus die kritiese en gedissiplineerde nadenke oor die wese van die kerk se gesondenheid in die wêreld. Dit wil die tekens van die teenwoordigheid van die Koninkryk in die geskiedenis raaksien. Dit wil die wesentlike waarop dit aankom in die sending identifiseer en die aard en karakter van God se heilsbedoelinge uitspel vir die wêreld.

Die metode van hierdie komponent van Sendingwetenskap is dus teologiese besinning oor die openbaring van God met gebruikmaking van die resultate van die meer gespesialiseerde uitlegdissiplines, die ordening van die nadenke in 'n teologiese struktuur en die toepassing daarvan op die omvattende nood van die wêreld.[31)] Die eie aard van hierdie dissipline lê in die toepassing van die heil op die wêreld en sy nood.[32)]

In die tweede plek wil die Sendingwetenskap 'n historiese beskrywing gee van die maniere waarop die heil deur die eeue in die wêreld gerealiseer is. Dit is die taak van die *Sendinggeskiedenis* wat eiteraard baie nou aansluit by die Kerkgeskiedenis en Algemene Geskiedenis. Hier word gebruik gemaak van die historiese metode d.w.s. 'n ontleding en interpretasie van primêre bronne waaruit so objektief en eerlik as moontlik 'n rekonstruksie van die verloop van die gebeure gemaak word.

Die Sendinggeskiedenis het egter ook 'n eie aard[33)] daarin dat dit slegs konsentreer op die punte waar die heil in die wêreld inbreek; dat die klem val op die transkulturele milieu waarin die boodskap verkondig word; dat spesifiek gelet word op die metodes waardeur die boodskap op die mees doeltreffende wyse gekommunikeer is; dat gelet word op die wisselwerking tussen Christendom en nie-christelike godsdienste en ideologieë en dat aandag gegee word aan die geskiedenis van jongkerke wat uit die sendingwerk gebore is.

In die derde plek wil Sendingwetenskap vasstel wat die mees doeltreffende maniere is waarop die heil deur die kerk in die wêreld geproklameer, gedemonstreer en gerealiseer kan word. Hier verskuif die klem nou na die kerk en die gelowiges as die middele waardeur die heil deur woord en daad aan die wêreld gekommunikeer moet word.

Hier val die klem dus op die missiones ecclesiae — die veelvuldige metodes en benaderinge wat deur die missionêre gemeentes en individuele gelowiges aangewend kan word om die heil by die wêreld uit te bring.

Dit is die taak van onderstrey. Sendingteorie en Sendingpraktyk hoort bymekaar omdat teorie die praktyk moet begelei en praktyk weer die vrae aan die teorie moet stel.[34)] Die vrae rondom teorie en praktyk wat hier aan die orde kom sluit weer nou aan by die vrae waarmee Praktiese Teologie hom besig hou. Die metodies wat hier aangewend word sluit dus ook nou aan by die metodes eie aan die Praktiese Teologie. Die eie aard van Sendingteorie en- praktyk is daarin geleë dat die metodes en benaderinge in die kommunikasie van die evangelie hier toegespits is op die gevarieerde kontekste van die wêreld terwyl Praktiese Teologie weer konsentreer op die kontekste waarin die kerk hom bevind. Dit gaan hier om die beste metodes van 'n omvattende getuienis (marturia) wat weer uiteenval in proklamasie (kerugma) en demonstrasie (diakonia) van God se heil aan die wêreld en wat beleef word in 'n nuwe gemeenskap (koinonia). Uiteindelik word in die proses tog ook iets van die Koninkryk van God gerealiseer in die wêreld.

In die Sendingteorie en- praktyk het ons dus ook wel deeglik te make met kerkplanting; inheemswording van die geplante kerk in 'n bepaalde kultuursituasie; kontekstualisering in 'n bepaalde sosio-politieke situasie en met verhoudinge tussen sendende en geplante kerke.

Sonder praktiese sendingwerk wat wel ook begelei moet word deur teoretiese besinning, sal teologiese besinning oor die sending vrugteloos wees.

Ten slotte wil Sendingwetenskap ook 'n teologiese beoordeling maak van die nie-Christelike godsdienste en ideologieë. In die proses van die uitdra van die heil van God na die wêreld, kom die sending die nie-christelike godsdienste en ideologieë teë as opponerende konkurrente. Hulle bied ook "heil" vir die wêreld aan. Hulle probeer ook antwoorde gee op die eksistensiële vrae waarmee die mensdom worstel. Hulle "heil" en hulle antwoorde moet egter teologies getoets word aan die norme van die Woord van God en opgeweeg word teenoor die heil wat God in Sy Woord aanbied.

Hierdie is die taak van die Theologia Religionum[35)] — die Teologie van die Godsdienste.

Theologia Religionum hoort tuis by die Sendingwetenskap omdat die sending die plek is waar die ontmoeting tussen Christendom en wêreldgodsdienste plaasvind.[36)] Hierin sal ruim gebruik gemaak word van die resultate van die Godsdienswetenskap. Godsdienswetenskap is nie 'n teologiese dissipline nie en hoort streng gesproke nie tuis in die Teologiese Fakulteit nie. Die ideaal sou myns insiens wees dat Godsdienswetenskap in die Lettere Fakulteit gehuisves moet word en dat Sendingwetenskap en ander teologiese dissiplines daarvan gebruikmaak so ver as wat hulle behoeftes strek. Waar dit nie die geval is nie, soos aan ons Universiteit, word Sendingwetenskap verplig om Godsdienswetenskap as hulpwetenskap aan te bied. Dit is egter nie die gewensde situasie nie omdat gevorderde nagraadse studie in Godsdienswetenskap nie in so 'n situasie tot sy reg kan kom nie.

Waar Godsdienswetenskap die geskiedenis en fenomene van die godsdienste slegs objektief beskryf en bestudeer sonder om waarde-oordele te vel, sal Theologia Religionum as teologiese dissipline vanuit die kriterium van die openbaring van Vader, Seun en Heilige Gees 'n kritiese beoordeling maak van die godsdienste.

Na my mening kan die veld van die Sendingwetenskap dus logies georden word in hierdie vier komponente nl. Sendingteologie, Sendinggeskiedenis, Sendingteorie en- praktyk en Teologie van die Godsdienste en Ideologieë.[37)]

**Weer eens, die eie aard van Sendingwetenskap**

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die eie aard van Sendingwetenskap daarin geleë is dat dit opereer op die grenslyn tussen kerk en wêreld. Dit is dus 'n grenswetenskap en 'n voorposwetenskap. Dit is konfrontasiewetenskap want dit opereer daar waar die konfrontasie tussen kerk en wêreld plaasvind[38)] maar dit is ook bemiddelingswetenskap want dit werk op die terrein waar God se heil aan die wêreld bemiddel word. Dit maak die beoefening van die Sendingwetenskap uitdagend en avontuurlik. Dit is die plek waar die lig val op die slagveld tussen God en die bose magte; waar die kragte wat die geskiedenis bepaal in felheid woed en dit is waar die lig val op die inbreek van die Koninkryk in 'n gebroke wêreld.

Sendingwetenskap vorm dus eintlik die speerpunt van die Teologie —die plek waar die totale beoefening van die teologie eers relevant word vir die wêreld en so sy doel bereik. So gee Sendingwetenskap eintlik sin en betekenis aan die bestaan van al die ander telogiese dissiplines terwyl hy self vir sy bestaan afhanklik is van die ander.

Ten spyte van sy bevoorregte voorposposisie is Sendingwetenskap nie sonder sy dilemmas nie. Die grenslyn waarop hy beweeg is so lank dat spesialisasie op 'n klein terrein baie moeilik word. Soos ons gesien het, moet die Sendingwetenskaplike die metodologie van al die ander dissiplines in 'n mate beheers om sy eie vakgebied te kan beoefen. Dit maak van die Sendingwetenskap die mees interdissiplinêre vakgebied in die teologiese ensiklopedie maar ook die vakgebied waar enige spesialisasie die moeilikste is. Die Sendingwetenskaplike moet waak daarteen dat hy nie 'n "jack of all trades en master of none" word nie. Om die dilemma van oppervlakkigheid te ontkom, is dit nodig vir 'n departement Sendingwetenskap om te spesialiseer op bepaalde fronte wat vir die kerk in die besondere situasie die mees relevante is. Geen departement sal die totale terrein van die wêreld met sy veelheid van kontekste kan betree nie.

Die Sendingwetenskap het egter duidelik nie net met die openbaring of



met die kerk nie, maar ook met die wêreld te doen. Dit bring ons by die volgende punt wat ons kortliks sal moet toelig.

**3. Waarheen met Sendingwetenskap in die komplekse wêreld van ons dag?**

Sendingwetenskap as brugwetenskap tussen kerk en wêreld moet baie deeglik rekening hou met wat in die wêreld aangaan. Dit vergroot nog verder die dilemma van die vak omdat die wêreld oneindig gevarieerd is in sy verskeidenheid van kontekste. Die wêreld is ook gedurig aan die verander en Sendingwetenskap wat die wêreld in ag moet neem as ruimte waarin die evangelie verkondig moet word, sal dus gedurig die heilsboodskap moet herinterpreteer vir die nuwe kontekste wat ontstaan. Alleen so kan die teologie kontekstueel word en relevant vir die probleme waarmee die wêreld worstel.

Om die wêreld te kan verstaan moet Sendingwetenskap dus ook ruimskoots gebruikmaak van die resultate van geesteswetenskappe soos Geskiedenis, Sosiologie, Sielkunde, Volkekunde, Ekonomie,[39)] die Politieke Wetenskappe, Kriminologie, Kommunikasiekunde, Taalwetenskappe en ook andere. Die dilemma is dat geen sterfling op hoogte kan bly met die kennisontploffing en metodologiese ontwikkelinge in al die bogenoemde vakgebiede nie. Die vraag ontstaan of Sendingwetenskap dan nie eintlik 'n onmoontlikheid word vanweë die wydheid van die horisonne wat dit wil intrek as objek van studie nie? Solank die sending van die kerk egter gerig is op die eindes van die aarde en op die einde van die tyd, sal Sendingwetenskap ook nie sy visie kan beperk tot 'n enkele situasie of konteks nie. Hy word hoogstens verplig om uiters selektief te werk met relevante kontekste en om vrugbaar gebruik te maak van resultate van ander vakwetenskappe sonder om in die minste te pretendeer om 'n spesialis in al die rigtings te wees. Sendingwetenskap word eenvoudig vanweë sy eie besondere aard gedwing om interdissiplinêr en integrerend te werk te gaan. In Sendingwetenskaplike navorsing kan die beste resultate dan ook slegs verkry word wanneer vakkundiges uit ander relevante dissiplines betrek word om hulle insette te lewer. Wanneer die milieu en die konteks eenmaal vasgestel is, sal die Sendingwetenskap die korrekte metodes en benaderings vir die bepaalde situasie moet vasstel.

Sendingwetenskap kan dus aan die Universiteit die nuttige funksie vervul as die wetenskap wat hom by uitstek leen vir interdissiplinêre navorsing en aanbiedinge.

Sendingwetenskap se bemoeienis met die wêreld kan hom maklik in die versoeking stel om so besig te raak met die wêreld en sy behoeftes, dat dit

sy teologiese karakter kan verloor. Indien dit gebeur, word dit slegs 'n onbeholpe aanhangsel van die gespesialiseerde geesteswetenskappe. In so 'n vorm het dit geen bestaansreg nie aangesien die geesteswetenskappe veel beter toegerus is om bepaalde kontekste in die wêreld te ontleed. Die spesifieke rol van Sendingwetenskap is dus om interdissiplinêr en integrerend die gegewens uit 'n wye reeks menswetenskappe te gebruik ten einde die mees doeltreffende maniere te bepaal waarop die heilsboodskap by die wêreld uitgebring kan word.

Aan die ander kant het die geesteswetenskappe dikwels ook behoefte aan 'n teologiese interpretasie. In die opsig kan Sendingwetenskap ook dien as 'n brugwetenskap tussen teologie en ander geesteswetenskappe. Sendingwetenskaplike literatuur kan dikwels baie vrugbaar deur ander geesteswetenskappe gebruik word ten einde 'n teologiese perspektief op die aardse werklikheid te kry. So kan Sendingwetenskap ook 'n diens lewer aan die Humaniora.

Die spesifieke plek van die Sendingwetenskap is dus daarin geleë dat dit 'n relasionele wetenskap is. Dit moet sorg dat die regte verhouding tussen God, kerk en wêreld gehandhaaf bly. Hierdie bepaalde volgorde is ook belangrik want God maak gebruik van die kerk as instrument om Sy heil by die wêreld uit te bring. Elkeen van die komponente kan eensydig beklemtoon word en dan benadeel dit die korrekte balans van die relasie.

So gesien, kan Sendingwetenskap teosentries, ekklesiosentries of kosmosentries beoefen word.

## Teosentriese Sendingwetenskap

'n Voorbeeld van dié benadering is J Verkuyl wat die sending trinitaries fundeer en sendingwetenskap sien as nadenke oor die heilshandelinge van God.[40] Hier val die klem op die Missio Dei. Die gevaar van die benadering is dat Sendingwetenskap maklik gereduseer kan word tot Sendingteologie — tot die kritiese en wetenskaplike studie van God se heilsdade. As sendingwetenskap egter volstaan met teologiëse besinning oor God se verlossingsdade, het dit sy relevansie vir die wêreld verloor. Dan doen dit nie meer as die Bibliologiese en Dogmatologiese vakke nie en verdien nie 'n eie bestaansreg nie. Sendingwetenskap hou nie op by Sendingteologie nie.

As Sendingwetenskap beperk word tot Sendingteologie, kan dit maklik verleng word tot 'n studie van derde wêreld teologieë of van wat Exeler noem "Comparative theology".

Die versoeking is in hierdie benadering verder groot om eensydig die klem te laat val op die vertikale verhouding tussen God en mens met verwaarlosing van die horisontale relasies van mens tot mens en mens tot skepping. 'n Mens kan ook so met God en sy wonderbare werke besig wees dat jy totaal kan vergeet van die wêreld en sy nood.



## Ekklesiosentriese Sendingwetenskap

In dié benadering word die kerk eensydig in die sentrum geplaas. Die hoofdoel van sending is kerkplanting. Sending is die beweging van kerk tot kerk. 'n Voorbeeld van die benadering is die "Church Growth"-beweging wat Sendingwetenskap feitlik reduseer tot die kennis van kerkplanting en kerkgroei.[41] Dat dit ook te doen het met sosiale betrokkenheid en die oprigting van die tekens van die Koninkryk word misgekyk.

Die gevaar hier is dat sending weer vereng word tot interkerklike hulpverlening. Dan ondersoek die Sendingwetenskap kerklike verhoudinge, dialoog tussen kerke, kerklike strukture ens. Die versoeking is dan groot om sending gelyk te stel aan ekumene.

Hierdie benadering is skerp gekritiseer deur Hans Hoekendijk wat die kerk maar net wou sien as 'n funksie van die Apostolaat. Vir hom is die kerk maar net 'n toevallige en minder belangrike faktor in God se groot Apostolaat in die wêreld. Hoekendijk gaan weer te ver in sy verkleinering van die rol van die kerk. Die kerk bly 'n belangrike instrument en orgaan om die heil van God na die wêreld te dra.

## Kosmosentriese Sendingwetenskap

Hier word die wêreld in die sentrum geplaas. Die Australiese missioloog en antropoloog A R Tippett het die standpunt gehandhaaf dat Sendingwetenskap die klem moet laat val op die menslike kontekste. Daarom moet dit eerder gebruikmaak van die empiriese metodes van die geesteswetenskappe en moet daar 'n noue interaksie wees met sosiale wetenskappe.[42]

,n Radikale kosmosentriese benadering vind 'n mens by J B Metz en sy leerling Ludwig Rütti. Rütti stel vir die Sendingwetenskap 'n "politieke hermeneutiek" voor wat sy uitgangspunt nie meer in die Skrif het nie maar in sosiale en politieke aksies en in die geskiedenis.[43] Vir hom moet die teologie ongekwalifiseer Ja sê vir die wêreld.

Iets van hierdie benadering vind 'n mens ook in die teologiese denke van die Wêreldraad van Kerke wat die skema God-kerk-wêreld verander na God-wêreld-kerk. Dit beteken dat God primêr in die ekonomiese, sosiale, politieke en historiese prosesse in die wêreld aan die werk is. Dan word wêreldgeskiedenis tot heilsgeskiedenis. Die sekulêre word heilig verklaar en die heilige sekulêr. In sy ekstreme vorm word dit 'n sekulêre bevrydingsteologie[44] wat God inperk tot die kragte en prosesse wat in die wêreld aan die werk is.

Die Suid-Afrikaanse Swart Teologie sluit aan by die "nuwe hermeneutiek" wat die uitgangspunt in die situasie soek eerder as in die Skrif. Prof J H Smit van Bloemfontein het hierdie problematiek uitvoering in sy intreerede behandel.[45]

In elkeen van hierdie benaderinge is daar waarheidsmomente maar die relasie tussen God, kerk en wêreld word uit verband getrek. Die regte verhouding kan alleen gevind word as kerk en wêreld binne die ruimte van die Koninkryk van God geplaas word.[46] God regeer as Koning in die kerk en in die wêreld. Hy regeer egter deur Sy Woord en deur Sy Gees wat Hy vrywillig op 'n besondere manier aan die Kerk verbind het. Die Woord is aan die Kerk toevertrou met die opdrag om dit aan die wêreld te verkondig en die Gees gebruik die Kerk as instrument om God se heil aan die wêreld te bemiddel. Daarom is dit alleen binne die raamwerk van 'n *Koninkryksentriese benadering*[47] dat die Sendingwetenskap reg sal kan laat geskied aan beide kerk en wêreld. Binne die ruimte van die Koninkryk wat albei omspan kan die kerk eers waarlik sy roeping teenoor die wêreld nakom.[48]

Dan is die sending daarop gerig om tekens van die omvattende Koninkryk in die wêreld op te rig. As God se heil gerig is op die koms van Sy Koninkryk in die wêreld, kan die heil nie verskraal word tot redding van siele of tot 'n eskatologiese verwagting alleen nie, maar ook nie verwater word tot betrokkenheid by sosiale en politieke aksies alleen nie.[49]

Vanuit die perspektief van die omvattende Koninkryk wat in die wêreld inbreek, kan die bevrydingsteologie se groot klem op die situasie wel geakkomodeer word en moet dit inderdaad ernstig geneem word[50] maar dan nie so dat die situasie die boodskap bepaal nie maar dat die boodskap van die Skrif werklik relevant gemaak word vir elke situasie.[51]

Dan sal die omvattende heilsbedoelinge van God verstaan word as die antwoord op die totale geestelike en fisiese nood van die mens en die kosmos. Alleen so kan die Sendingwetenskap ontkom aan die verlammende polarisasie van teenstellinge wat die beoefenaars daarvan in twee kampe verdeel. Binne die ruimte van die Koninkryk is teks en konteks; woord en daad; bekering en sosiale vernuwing; teorie en praktyk; siel en liggaam; regverdiging en bevryding; sondaars en armes nie meer onversoenbare teenstellinge nie maar slegs verskillende fasette van God se heilshandelinge wat gerig is op die koms van Sy Koninkryk.

Koninkryksentriese Sendingwetenskap gaan uit van God en sy versoeningswerk in Christus. Dit beteken dat evangelisering steeds die sentrum bly van alle sendingwerk en dat die kruis weer die sentrum vorm van evangelisering.[52] Sodra Sendingwetenskap losgemaak word van sy evangeliserende roeping en van sy Christosentriese kern, verloor dit na my mening sy wesensaard en -karakter.

Binne die ruimte van die Koninkryk moet ook die Sendingwetenskap dus so beoefen word dat dit aan die kerk sy verantwoordelikheid in die wêreld omvattend kan uitspel.



## 4. Ons wil afsluit met die vraag:

**Waarheen met Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria?**

Geagte Rektor en Dekaan van die Fakulteit, binne die raamwerk van bogenoemde uiteensetting, sal Sendingwetenskap dus in hierdie departement aangebied word. My Hartlike dank aan u en aan die topbestuur van die Universiteit vir die vertroue in my gestel deur die aanstelling as hoof van die Departement. Ek het myself aanvanklik met 'n Magistergraad in Grieks en Aramees voorberei vir nagraadse studie in Nuwe Testament. Die besef dat die besinning oor God se heilsdade eers werklik betekenis kry wanneer dit aan die wêreld gekommunikeer word, het my laat oorskakel na Sendingwetenskap. Om dieselfde rede het ek myself ook aangebied vir 'n praktiese sendingbediening. Dat my pad weer na die akademiese studie van die sending gelei is, en die feit dat ek bevoorreg is om deel te hê aan die opleiding van predikante en sendelinge vir die Ned Geref Kerk, beskou ek as louter genade.

Binne die raamwerk van hierdie departement is die primêre doelstelling dus om predikante en sendelinge vir 'n bediening in die Ned Geref Kerkfamilie toe te rus. Hierdie departement stel homself ten doel dat alle afgestudeerdes 'n duidelike besef sal hê dat die heilsbedoelinge van God wat hulle in die Fakulteit in diepte leer ken het, bedoel is om bekendgemaak te word aan 'n lydende en sugtende wêreld. Daar sal gepoog word om aan hulle 'n visie te gee op die wêreld met sy omvangryke behoeftes en veelheid van kontekste en 'n passie om God se omvattende heil aan die wêreld te proklameer. Die hoofdoel sal wees om predikante so toe te rus dat hulle die gelowiges kan toerus vir hulle getuienistaak en missionêre en dienende gemeentes kan opbou wat draers en instrumente sal wees van God se heil in die wêreld.

Van persone wat hulle geroepe voel tot 'n sendingbediening sal verwag word om op B.D.- vlak in Sendingwetenskap te spesialiseer. Deur bykomende seminare, praktika en die skryf van 'n verhandeling sal hulle meer spesifiek toegerus word vir die sendingpraktyk. Hulle sal ook aangemoedig word om 'n Swarttaal, Volkekunde, Sosiologie of ander relevante vak by die leergang in te sluit.

Die Departement sal hom ook daarvoor beywer om nagraadse studente te trek om in Sendingwetenskap te promoveer om sodoende vir die kerk spesialiste op die terrein te voorsien en om vakspesialiste te kweek wat studie en navorsing op hierdie vakterrein kan voortsit.

Aan my kollegas van die teologiese Fakulteit my hartlike dank vir die afgelope 13 jaar se aangename samewerking en vir u bereidwilligheid om in

hierdie Fakulteit 'n tuiste vir die Sendingwetenskap te skep op gelyke basis met al die ander teologiese dissiplines. Hierdie vakgebied is uiters afhanklik van die navorsing en besinning wat in die ander vakgebiede gedoen word en wil daarom met u baie nou saamwerk. Sendingwetenskap meen egter ook dat hy 'n diens aan die ander vakgebiede kan lewer deur juis die swaar verdiende resultate van hulle besinning te rig op 'n noodlydende wêreld. Verder sal Sendingwetenskap interdissiplinêr en integrerend optree en homself aanbied as by uitstek 'n ontmoetingspunt vir interdissiplinêre samewerking. Soms sal sendingwetenskap komplimentêr moet optree en terreine wat ander vakgebiede nie by uitkom nie in sy leerplan moet betrek. As ons ook korrektief optree en by u pleit om die sendingdimensie in u vakgebiede nie te verwaarloos nie, moet dit nie as beterweterigheid gesien word nie, maar as in belang van die Koninkryk van God en van die teologie wat nie anders kan as om missionêre teologie te wees nie.

Die Departement sal dit as sy taak sien om onophoudelik en onbeskroomd die aandag van die Fakulteit te vestig op sy roeping en taak in die wêreld.[53)]

Die teenwoordigheid van my kollega uit die Hervormde Fakulteit word hoog op prys gestel en op die reeds hegte samewerking tussen die twee departemente moet voortgebou word.

Ek waardeer ook grootliks die teenwoordigheid van kollegas van Unisa. Soos ek reeds gesê het, is die grenslyn tussen kerk en wêreld so wyd dat geen departement die totale linie kan dek nie. Daarom is daar baie ruimte vir spesialisasie in Sendingwetenskap. Indien spesialisasie gekoördineer kan word, kan die verskillende Sendingdepartemente sy aan sy die lang grenslyn tussen kerk en wêreld oorsteek in belang van die Koninkryk. Ek wil dus pleit vir samewerking en skakeling met veral Bloemfontein en Stellenbosch en Unisa maar ook met alle ander Sendingdepartemente in ons land ter wille van koördinasie. Die doelwit kan na my mening die beste bereik word indien 'n Vereniging van dosente in Sendingwetenskap aan Suid-Afrikaanse Universiteite gestig kan word.

In hierdie Departement is besluit om vir doeleindes van navorsing die konteks van Suidelike Afrika as spesialisasiegebied te kies. Dit word gedoen sonder om die perspektief van die sending wat gerig is op die eindes van die aarde uit die oog te verloor. Dit word egter gedoen met die besef dat ons in die land onlosmaaklik verbonde is aan Afrika en dat die Ned Geref Kerk 'n besondere roeping het om die heil van God te proklameer en te demonstreer in die kontekste van Afrika.

Ek waardeer ook die belangstelling van kollegas uit die Lettere Fakulteit van ons Universiteit. Ek het aangetoon dat Sendingwetenskap ruimskoots gebruik moet maak van die resultate en gespesialiseerde kennis van ander geesteswetenskappe. Ek vertrou daarom dat skakeling met ander departemente in die toekoms baie hegter sal kan wees en dat veral vir gespesialiseerde nagraadse studie komponente deur ander geesteswetenskappe aangebied sal kan word. Ons sal graag die vrymoedigheid wou gebruik om ons studente vir bepaalde spesialisasieterreine na ander vakgebiede te verwys en vertrou dat 'n formule gevind kan word om hulle bepaalde modules te laat voltooi sonder om vir 'n hele jaarkursus in te skryf.



Die Fakulteit staan in diens van die Universiteit maar ook in diens van die kerk. Vir die Universiteit wil hierdie Departement graag 'n venster op die wêreld wees en wil sy deel doen om naas onderrig en navorsing ook gemeenskapsdiens te lewer wat die Universiteit se betrokkenheid by die gemeenskap sal onderstreep. Die Departement wil ook in die besonder sy dienste aanbied vir die Ned Geref Kerk. Soos in die verlede is die lede van die departement bereid om met hulle kundigheid en navorsing tot diens te wees van die Algemene-, Sinodale- en Kerkraadsendingkommissies van die kerk. As die besinning en navorsing van die Departement nie na die praktyk deurgetrek word nie, verloën hy juis die wesenskenmerke van die vakgebied waarmee hy besig is. Die Departement sal dus steeds 'n konstruktiewe bydrae wil lewer tot die formulering van die sendingbeleid en sendingmetodiek van die kerk.

Die Departement plaas die hoogste prioriteit op die navorsingskomponent van sy werksaamhede. Juis om die rede is die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing binne die Departement gestig. Die Instituut het vir homself reeds landswye erkenning verdien met sy navorsing van hoë kwaliteit. 'n Gerekenariseerde databank is reeds opgebou wat in die toekoms alhoemeer 'n onontbeerlike instrument sal word op die terrein van Sendingwetenskaplike navorsing. Die departement stel hom ten doel om deur sy Instituut 'n leidende rol te bly speel op die terrein van Sendingnavorsing. Aan my kollegas in die departement en in die Instituut my hartlike dank vir aangename samewerking en spanwerk wat absoluut noodsaaklik is vir die suksesvolle uitbouing van die Departement. Ek stel my ten doel om nou saam te werk met die direkteur van Iswen omdat die departement en Iswen 'n gemeenskaplike navorsingstaak het.

My innige dank aan 'n Hemelse Vader wat sy bedoelinge van heil vir 'n sondige en gebroke wêreld duidelik bekend gemaak het in sy Openbaring en wat 'n nietige mensekind die voorreg gee om daaroor te mag nadink en dit as 'n blye boodskap aan die wêreld te mag verkondig.

Ek is dankbaar dat my moeder die geleentheid kan bywoon en ook vir haar volgehoue belangstelling en voorbidding. My Vader wat weens verswakte gesondheid nie hier kan wees nie was oor al die jare vir my 'n inspirasie vir die manier waarop hy ook sy lewe in diens gestel het van die Koning van die kerk.

Ek wil my dank uitspreek teenoor my vrou en kinders vir hulle ondersteuning en inspirasie. Baie dankie vir die geduld en begrip wanneer die liefde vir die Sendingwetenskap tyd en kragte in beslag neem waarop 'n

eggenote en kinders na regte aanspraak kan maak. Sonder hulle onderskraging sou my bediening onmoontlik wees.

Aan u geagte kollegas, vriende en familie, baie dankie vir u teenwoordigheid. U belangstelling in die uitbreiding van die Koninkryk van God, in die Universiteit van Pretoria, in hierdie departement en ten slotte ook in my as persoon word hoog op prys gestel.

Soli Deo Gloria

Ek dank u.



## VOETNOTAS EN AANTEKENINGE

1. **Die beoefening van Kerkgeskiedenis as wetenskap in die konteks van Afrika,** Publikasies van die Universiteit van die Noord, Reeks C, No 23, 1972.

2. Vgl N J Smith en J du Preez, **Krisis en triomf van die Sending,** N G Kerkboekhandel, Pretoria 1979; C W H Boshoff en andere: **Die Nuwe Sendingsituasie,** Iswen, UP 1978; C W H Boshoff, "Die identiteitskrisis van die Sending en die Sendeling" in **Twee Opstelle oor die Sending,** UP, Ongedateerd.

   H M Conn, "Missions and our present moment in history" in **Mission and the Future,** RES Missions Conference, Chicago 1984, RES, Grand Rapids 1984.

3. Gisbertus Voetius, **De plantatoribus ecclesiasticis.**

4. John R W Stott definieer sending soos volg: "Mission is everything the Church is sent into the world to do". G H Anderson, (ed) **Mission Trends No 2. Evangelization.** Grand Rapids, Eerdmans 1975.

5. A Exeler, "Vergleichende statt Missionswissenschaft? In H Waldenfels (Ed) **"denn ich bin bei euch",** Festschrift G Glazik, B Willeke, Köln 1978, p.199-211.

6. Vergl die intreerede van A du Plessis, **Die Missiologie as 'n Teologiese Wetenskap,** Intreerede, PU vir CHO, Potchefstroom 1960.

7. Hoewel Universiteite in die middeleeue uit die beoefening van Teologie as een van die oudste wetenskappe gegroei het, het daar na die agtiende eeuse Verligting vrae ontstaan oor die "wetenskaplikheid" van Teologie en of dit aan 'n Universiteit tuishoort. Daar is geredeneer dat Godsdienswetenskap sogenaamd objektief en neutraal is in die studie van godsdiens terwyl Teologie dan subjektief en bevooroordeeld sou wees omdat dit normatief uitgaan van die Bybel as God se openbaring. Gelukkig het die nuwere wetenskapsbeskouinge die insig gebring dat geen wetenskapsbeoefening sonder vooronderstellings is nie en dat die Teologie daarom ook geen uitsondering is nie. D W D Shaw, "Theology in the University" in **Scottish Journal of Theology,** Vol 41, p.217-231 kom tot die konklusie dat Teologie wel aan die Universiteit tuishoort en daar ook 'n groot taak te vervul het.

8. Heyns, J A en Jonker, W D: **Op weg met die teologie,** N G Kerkboekhandel, Pretoria 1974, p.137.

9. J A Heyns onderskei tussen openbaringsfeite, openbaringsgetuienis (van die Bybelskrywers) en openbaringsverkondiging (van die teologie). Hierby moet egter nog openbaringsinterpretasie en -kommunikasie aan die wêreld gevoeg word. ("Bybelse en dogmatiese teologie" in **Koninkryk Kerk en Kosmos,** Huldigingsbundel vir W D Jonker onder redaksie van P F Theron en J Kinghorn.

10. Bosch, D J, "An emerging paradigma for Mission" in **Missiology,** Vol XI, No 4, Okt 1983, p.490-495. Hy gee ook die karaktertrekke aan wat so 'n missionêre teologie behoort te bevat (p.492v.)

11. O G Myklebust: **The study of Missions in theological education,** Band 1, Oslo 1955; Band 2, Oslo 1957.

12. Myklebust, Band 1, p.158-240.

13. Idem, p.93-103.

14. J Scherer: "The future of Missiology as an Academic Discipline in Seminary Education". **Missiology,** Vol XIII, No 4, p.446. Scherer behandel die posisie van Missiologie aan Amerikaanse Universiteite en Teologiese skole breedvoerig.

15. A.W., p.447-455. Vir die situasie in die VSA, vergelyk ook W R Hogg, "The teaching of Missiology: some reflections on the historical and current scene" in **Missiology,** Vol XV, No 4, Okt 1987, p.487-506.

16. D Crafford, Aan God die dank, Deel 1, N G Kerkboekhandel, Pretoria 1982, p.512v.

17. O G Myklebust: "Integration or Independence" in **Basileia,** Feesbundel ter ere van W Freitag.

18. H Bergema: **Universaliteit en eigen kring in de Missiologie,** Intreerede te Kampen, J H Kok, Kampen 1956.

19. J Verkuyl: **Inleiding in de Nieuwere Zendingswetenschap,** J H Kok, Kampen, 1975, p.22v.

20. W J van der Merwe: **Ruimte vir die Sendingwetenskap in ons Teologiese studie,** Kaapstad 1959, p.8.



21. H D A du Toit, **Die Kerstening van die Bantoe,** N G Kerkboekhandel, Pretoria 1967, p.19.

22. H Adamek, "Uber die Intergration der Missionswassenschaft in die Forschungs- and Lehrpraxis der evangelisch-theologischen Fakultät" in **Evangelische Missionszeitschrift,** 25:2 (Junie 1969) p.106-119 gaan so ver met die integrasie dat die afsonderlike bestaan van die vak byna opgehef word.

23. M Linz: "Missionswissenschaft und Oekumenik" in **Eirführung in das studium der evangelischen Theologie** onder redaksie van R Bohren, CHr Kaiser Verlag, Munich 1964.

24. A.W., p.23.
25. D J Bosch: "Theological Education in Missionary Perspective" in **Missiology,** 10(1983) p.27.

26. H D A du Toit, a.w., p.17 gee die volgende definisie: "Sendingwetenskap is die studievak wat ondersoek doen na die beste manier om die nog ongedooptes wat buite die kerk van Christus staan, te kersten, en wat 'n beskrywing gee van wat reeds in die verlede ten opsigte van die sending bereik is". Hierdie definisie is te eng aangesien die klem uitsluitlik op die kersteningstaak val.

27. James A Scherer vermeld dat die Amerikaanse "Association of Professors of Mission" nie tot 'n aanvaarbare definisie kan kom van wat "Missiology" is nie vanweë onderlinge verskille oor hoe die sending van die kerk in die wêreld gesien moet word. ("Missiology as a Discipline and what it includes", **Missiology,** Vol XV, No 4, p.509).

28. Hierdie deel van die definisie sluit aan by die definisie van J Verkuyl, a.w., p.19.

29. Sendingteologie kry al hoe meer aandag in die missiologiese literatuur bv G H Anderson (Edit), **The Theology of the Christian Mission,** London 1961; Karl Müller, **Mission Theology,** Steyler Verlag, Nettetal 1987; D J Bosch, **Heil vir die Wêreld,** N G Kerkboekhandel, Pretoria 1979; **Ecumenical affirmations on Mission and Evangelism,** WCC, 1982; LWF Documentation No 26. Nov. 1989, Together in God's Mission: An L W F contribution to the understanding of Mission; H Buerkle, **Missionstheologie,** W Kohlhammer, Stuttgart 1979; H-W Gensichen, **Glaube für die Welt:** Theologische Aspekte der Mission, Mohr Gütersloh 1971; W F Aylward Shorter, **Theology of Mission, Mercier Press, Cork 1972.**

30. **D C P Senior en C P Stuhlmueller, The Biblical Foundations for Mission,** Orbis, Maryknoll 1983; J Blauw, **The missionary nature of the Church;** A Survey of Biblical Theology of Missions, Eerdmans, Grand Rapids 1962.

31. Vir 'n voorbeeld van hoe die inhoud van Sendingteologie kan lyk, sien Karl Müller, **Mission Theology, an Introduction,** Steyler Verlag, Wort und Werk, 1987.

32. Sendingteologie as toegespitste komponent van die Sendingwetenskap moet onderskei word van Missionêre teologie wat sou beteken dat daar in alle beoefening van die teologie 'n missionêre komponent behoort te wees.

33. Vergl. D Crafford: "Sendinggeskiedskrywing in Suid-Afrika" in **Sendinggenade.** Feesbundel vir W J van der Merwe, Onder redaksie van J du Preez e.a., N G Sendinguitgewers, Bloemfontein 1986.

34. Die Rooms Katolieke missioloog Thomas Ohm, **Machet zu Jüngern alle Volker,** Freiburg 1962, beskou die volgende as komponente van Sendingwetenskap: Sendinggeskiedenis, Sendingteorie en Praktiese Sendingwetenskap. Na my mening kan teorie en praktyk nie van mekaar losgemaak word nie.

35. Vir 'n bespreking van die inhoud van Theologia Religionum, sien J Verkuyl, a.w., p.460-495 en P F Knitter, **No other name?.** A critical survey of christian attitudes toward the World Religions, Orbis, Maryknoll 1985.

36. J H Bavinck sien as inhoud van die Sendingwetenskap drie komponente nl. Sendinggeskiedenis, Sendingteorie en Elenktiek. (Inleiding in de Zendingswetenschap, Kampen 1954). Elenktiek moes volgens hom die nie-christelike godsdienste as vals ontbloot en tot bekering roep. Daar is na my mening goeie redes om van die apologetiese benadering af te sien en Elenktiek te varvang met Theologia Religionum wat meer positief 'n teologiese oordeel oor die godsdienste kan vel.

37. H Bergema, a.w. p.20 splits die Sendingwetenskap op in ', veelheid van vakke. Dit lyk egter te veel na versplintering as na logiese ordening.

38. Orlando E Costas noem Sendingwetenskap 'n "discipline of the crossroads". ("Missiology in Contemporary Latin America: A Survey" in



H M Conn en S F Rowen (Edit): **Missions and Theological Education in world Perspective,** Michigan 1984, p.28.

39. D M Beckmann, "The challenge of Economics to the teaching of Missiology" in **Missiology,** Vol IX, No 1, Jan 1981, p.99-112. Rondom temas soos ontwikkeling, armoede, kapitalisme en sosialisme het daar talle raakvlakke tussen Ekonomie en Sendingwetenskap ontstaan en het literatuur verskyn wat relevant vir albei dissiplines is.

40. A.w., p.19.

41. D J Bosch, "Church Growth Missiology" in **Missionalia,** Vol 16, No 1 (April 1978), p.13-24. Hy kritiseer veral die ekklesiologie van Church Growth omdat dit nie genoeg klem lê op die eenheid van die kerk nie.

F Buys, "Kerkgroei: 'n Kritiese evaluering van die kernaspekte van die Church Growth Movement" in **In die Skriflig,** 22:87 (Sept 1988) p.2-15. Hy toon aan dat Christus se versoeningswerk nie tot kerkgroei beperk kan word nie, maar ook kosmiese dimensies het.

42. Soos aangehaal deur J A Scherer (1987) a.w., p.512.

43. L Rütti, **Zur Theologie der Mission: Kritische Analysen und Neue Orientierungen,** Mainz, Munchen 1972.

44. In talle van die moderne bevrydings- en politieke teologieë word teologie gedefinieer as nadenke oor die praktyk van die kerk in 'n bepaalde situasie in die wêreld. Die groot waterskeiding in die teologiese denke van ons dag vind dan ook plaas rondom die vraag of teologie sy uitgangspunt vind in God se openbaring ("van bo") of in die menslike situasie ("van onder").

45. J H Smit, **Swart teologie, Wit teologie en Hermeneutiese beginsels,** Intreerede, Bloemfontein 1982.

46. Die Koninkryk mag nie verstaan word as 'n apokaliptiese buite-wêreldse realiteit nie of as identies met die kerk gesien word of as net 'n aardse werklikheid wat in sekulêre prosesse realiseer nie. Ons verstaan dit as God se koningsheerskappy deur Sy Woord en Gees wat in die kerk en in die wêreld gerealiseer word in die mate waarin mense die beginsels van die Ryk onderskryf, gehoorsaam en uitleef. Die Koninkryk breek in die wêreld in wanneer gelowiges tekens van versoening, liefde, geregtigheid, vrede en diensbaarheid in die wêreld oprig. Die Koninkryk het dus te make met die totaliteit van die lewe in

all sy dimensies.

47. Sien H R Snyder en D V Runyon, **Foresight.** 10 Major trends that will dramatically affect the future of christians and the church, T Nelson, New York 1986, p.61v: "From Institutional Tradition to Kingdom Theology".

48. D M Stowe, "Theological Reflections on the future of Mission" in **Missiology,** 15:4 (Okt 1987) p.451-464 kom tot die konklusie dat ekumeniese, evangeliese en Roomskatolieke sendingteologieë mekaar kan ontmoet rondom die sentrum van die Koninkryk.

49. D J Bosch, Heil vir die Wêreld, p.202 en 212.

50. Sendingwetenskap moet inderdaad erns maak met konteks-analise. Sien D T Nel, "Methods and Models of context analysis: the challenge to Missiology". Ongepubliseerde referaat gelewer voor die Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap, 1988.

51. In die hermeneutiek van die sending moet Skrif en situasie dus altyd op mekaar betrokke wees. Die hermeneutiek van die Skrif moet die boodskap bepaal en die hermeneutiek van die situasie moet die relevansie daarvan bepaal. Vir 'n beskrywing van die beginsels van Nuwe Hermeneutiek, sien H J C Pieterse, **Skrifverstaan en Prediking,** N G Kerkboekhandel, Pretoria 1979, p.71.

52. C E Braaten stel dit soos volg: "there is one essensial dimension which is the unifying center of all others, without which there can be no holistic mission, and that is the message of God reconciling the world unto himself". (**The Apostolic Imperative.** Nature and Aim of the Church's mission and ministry, Augsburg, Minneapolis 1985, p.76). D J Bosch, "Evangelism: Theological currents and cross-currents today" in **International Bulletin of Missionary Research,** Vol 11, No 3 (Julie 1987), p.98-103 kom tot dieselfde konklusie.

53. Orlando E Costas noem die Sendingwetenskap die "foreign-affairs specialist of the theological faculty" wat voortdurend moet interpreteer wat in die wêreld en in die jonger kerke aan die gang is (a.w., p.84).



## BRONNE-EN LITERATUURLYS


1. **Adamek, H Uber die Integration der Missionswissenschaft in die Forschungs-und Lehrpraxis der evangelisch-Theologischen Fakultät, Evangelische Missionszeitschrift,** 26:2 (Junie 1969) p.106-119.

2. Allan, F: "Missionary training models in Scandinavia". **Mission Studies** 2:1(1985) p.108.

3. Allison, N E: "Missions education. Missions professors talk about trends". **Evangelical Missions Quaterly** 23:2 (April '87) 178-182.

4. Anderson, G H (ed): **Mission trends no 2 Evangelization.** Grand Rapids, Eerdmans 1975.

5. Anderson, G H: "American Protestants in Pursuit of Mission: 1886-1989; **International Bulletin of Missionary Research** 12:3 (July 1988) 98-118.

6. Anderson, G H (edit): **The Theology of the Christian Mission,** London, 1961.

7. Aylward Shorter, W F: **Theology of Mission,** Mercier Press, Cork, 1972.

8. Bavinck, J H: **Inleiding in de Zendingswetenschap,** Kampen 1954.

9. Beckmann, D M: "The challenge of economics to the teaching of Missiology", **Missiology,** Vol IX No 1, Jan 1981, p.99-112.

10. Bergema, H: **Universiliteit en eigen Kring in de Missiologie,** Intreerede te Kampen, J H Kok, Kampen 1956.

11. Blauw, J: **The missionary nature of the church:** A survey of Biblical Theology of Mission, Eerdmans, Grand Rapids, 1962.

12. Bosch, D J: "An emerging paradigm for mission", **Missiology,** Vol. XI, No 4, Okt 1983, p.840-495.

13. Bosch, D J: "Theological Education in Missionary Perspective", **Missiology** 10 (1982), 0.27.

14. Bosch, D J: **Heil vir die Wêreld,** N G kerkboekhandel, Pretoria, 1979.

15. Bosch, D J: "Church growth Missiology", **Missionalia,** Vol 16, No 1 (April 1988), p.13-24.

16. Bosch, D J: "Evangelism: Theological currents and cross-currents today", **International Bulletin of Missionary Research,** Vol 11 No 3 (Julie 1987) p.88-103.

17. **Boshoff, C W H en andere: Die nuwe Sendingsituasie,** Iswen, UP, 1978.

18. Boshoff, C W H: "Die identiteitskrisis van die sending en die sendeling", in **Twee opstelle oor die sending,** UP, ongedateerd.

19. Braaten, C E: **The apostolic Imperative.** Nature and aim of the church's mission and ministry, Augsburg, Minneapolis 1985.

20. Buerkle, H: **Missions theologie,** W Kohlhammer, Stuttgart 1979.

21. Buys, F: "Kerkgroei: 'n Kritiese evaluering van die Kernaspekte van die Church Growth Momement", **In die Skriflig,** 22:87 (Sept 1988) p.2-15.

22. Conn, H M: "Missions and our present movement in history" in **Mission and the future,** RES Missions conference, Chicago 1984, RES, Grands Rapids 1984.

23. Costas, Orlando E: "Missiology in contemporary Latin America: A Survey", in H M Conn and S F Rowen (edit): **Missions and Theological Education in world perspective,** Michigan 1984, p.82v.

24. Crafford, D: **Die beoefening van Kerkgeskiedenis as wetenskap in die Konteks van Afrika,** Publikasies van die Universiteit van die Noorde, Reeks C, No 23, 1976.

25. Crafford, D: **Aan God die dank,** Deel 1, N G Kerkboekhandel, Pretoria 1982, p.512v.

26. Crafford, D: "Sendinggeskiedskrywing in Suid-Afrika", **Sendinggenade.** Feesbundel vir W J van der Merwe, onder redaksie van J du Preez e.a., N G Sendinguitgewers, Bloemfontein, 1986.

27. Du Plessis, H: **Die Missiologie as 'n Teologiese Wetenskap,** Intreerede, PU vir CHO, Potchefstroom, 1960.



28. Du Toit, H D A: **Die Kerstening van die Bantoe,** N G Kerkboekhandel, Pretoria 1967, p.19.

29. Ecumenical Affirmations on Mission and Evangelism, WCC, 1982.

30. Gensichen, H W: **Glaube für die welt: Theologische Aspekte der Mission,** Mohn, Gütersloh, 1971.

31. Glasser, A F: "Reflections on training for mission". **Missiology** 6 (Apr. '78) p.131-138.

32. Heyns, J A en Jonker W D: **Op weg met die teologie,** N G Kerkboekhandel, Pretoria 1974.

33. Hogg, W R: "The teaching of Missiology: some reflections on the historical and current scene", **Missiology.** Vol. XV, No 4, Okt 1987, p.487-506.

34. Kennedy, W B: "Education for global Mission". **Mis-Stream** 19 (Jan '80), p.32-42.

35. Knitter, P F: **"No other name"? A critical survey of christian attitudes toward the World Religions,** Orbis, Maryknoll, 1985.

36. Larson, D N: "Missionary preparation: confronting the presupportional banier". **Missiology** 5 (Jan '77), p.73-82.

37. Linz, M: **Missionwissenschaft und Oekumenick,** Einführung in das Studium der evangelischen Theologie, onder redaksie van R Bohren, Chr. Kaiser Verlag, Munich, 1964.

38. McKinney, L: "Theological education in the 1980's: two scenarios". **Journal of Christian Education** 2:3 (1982) p.29-31.

39. Müller, Karl: **Mission Theology, An Introduction,** Steyler Verlag, Wort and Werk, 1987.

40. Myklebust, O G: "Integration or independence? Some reflections on the status of the study of missions in the theological curriculum". **Basileia:** Walter Freytag zum 60. Geburtstag Stuttgart: Evangelische Missionsverlag, 1961.

41. Myklebust, O G: **The study of Missions in theological education,** Band 1, Oslo 1955, Band 2, Oslo 1957.

42. Nacpil, E P: "Missiological concerns in curriculum". **East Asia Journal of Theology** 1:2 (1983) p.30-37.

43. Nel, D T: "Methods and Models of context analysis: the challenge to Missiology". Ongepubliseerde referaat gelewer voor die Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap, 1988.

44. Ohm, Thomas: **Machet zu Jüngern alle Volker,** Freiburg 1962.

45. Pieterse, H J C: **Skrifverstaan en Prediking,** N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1979.

46. Shaw, D W D: "Theology in the university", **Scottish Journal of Theology,** Vol 41, p.217-231.

47. Scherer, James A: "Missiology as a discipline and what it includes", **Missiology,** Vol XV, No 4, p.509v.

48. Scherer, J: "The future of Missiology as an academic Discipline in Seminary Education", **Missiology,** Vol XIII, No 4, p.445-460.

49. Senior, D C P en Stuhlmueller C P: **The Biblical Foundations for Mission,** Orbis, Maryknoll 1983.

50. Smit, J H: **Swart teologie, Wit teologie en Hermeneutiese beginsels,** Intreerede, Bloemfontein, 1982.

51. Smith, N J en du Preez, J: **Krisis en triomf van die Sending,** N G Kerkboekhandel, Pretoria, 1979.

52. Snyder, H R en Runyan, D V: **Foresight,** 10 Major trends that will dramatically affect the future of christians and the church, T nelson, New York 1986.

53. Spoelstra, B: "Van Bevrydingsteologie na Swart teologie in S.A.", **In die Skriflig** 22:88 (Des 1988) p.33-47.

54. Stowe, D M: "Theological Reflections on the future of Mission" in **Missiology,** 15:4 (Okt 1987).

55. Rütti, L: **Zur Theologie der Mission:** Kritische Analysen und Neue Orientierungen, Mainz, München, 1972.



56. Theron, P F en Kinghorn, J (ed) **Koninkryk, Kerk en Kosmos,** Huldigingsbundel vir W D Jonker.

57. Van der Merwe, W J: **Ruimte vir die sendingwetenskap in ons teologiese studie,** Intreerede Kaapstad 1959.

58. Verkuyl, J: **Inleiding in de Nieuwere Zendingswetenschap,** J H Kok, Kampen, 1975.

59. Walls, A F: "Missionary Societies and the fortunate Subversion of the Church," **Evangelical Quarterly** 88:2 (1988) p.141-155.

## SUMMARY

### Missiology which way?

The crisis in which missions find itself today has also been transfered to missiology as an academic discipline. The mission of the church has been expanded in the last few decades to nearly everything that the church is doing in the world. This poses problems for missiology since its field of study has broadened to such an extent that it is difficult to define a specialized field of study. Missiologists are also divided in different camps on the question of hermeneutics of missiology and on a definition for mission. For some of the calling of the church is primarily preaching and planting of churches and for others it is renewal and even revolutionary change of social and political structures.

In this address an effort is made to define the place of missiology in relation to other theological disciplines.

The conclusion is that missiology has mainly a directing function in the sense that it directs the results and findings of all other theological disciplines towards the world and its needs. Thus it operates on the boundaries between church and world and on those frontiers where the kingdom of God breaks into the world.

An effort has been made to define missiology. It is the study of the salvation that God has provided for the world in Christ and through the Holy Spirit in the coming of this kingdom into this suffering and sinful world; it describes the ways in which this salvation has been realized in history through the planting of churches and the erection of the signs of the kingdom; it considers the best ways in which the salvation of God can be proclaimed, demonstrated and realized in the world and finally it is called to evaluate theologically the non-christian religions and ideologies.

From this definition the conclusion can be made that the discipline of missiology consists of the following fields of study: theology of missions, history of missions, theory and practice of missions and theology of religions and ideologies.

Missiology can be practised from a theosentric, a church centric or a cosmocentric viewpoint. My conclusion is that God, Church and world can only be understood in the correct relationship to each other if we describe it from the viewpoint of the kingdom. The kingly rule of Christ over church and world makes it possible to dissolve the polarization between spiritual on secular into the comprehensive kingdom which has to do with the whole man, the whole church and the whole world.